




25 OKTOBER 2020

TORINGKERK

nuus

KOM TUIS



TORINGKERK IS AANLYN

Ons is ook op Youtube! Gaan loer na ons Youtube kanaal "Toringkerk Aanlyn". Druk "Subscribe" om ons weeklikse lewendige kerksendings te kyk.

Stuur 'n epos aan Jana (jana@toringkerk.co.za) indien jy nie die weeklikse inligting per epos of Whatsapp ontvang nie.

Hey, jongspan!
(Kinderkleingroepe)

Ons mis julle lekker high-fives en die saam speel in die Klein Toring Saal!

Kom nogsteeds kerk toe!
Ons speel en kuier op 'n
ander manier -
hierdie keer net
IN die kerk.

Sien julle Sondag!



S.H.A.P.E.

Na aanleiding van verlede week se preek, het elkeen van ons 'n spesifieke vorm. 'n Unieke SHAPE. Rick Warren gebruik dit as akroniem wanneer hy oor roeping praat.

"S"piritual Gifts - geestelike gawe. 'n Spesifieke talent of gawe wat jy gebruik om ander en God te dien.

"H"eart - Jou passie. Dit wat vir jou baie energie gee en opgewonde maak.

"A"bilities - Die vermoëns wat God vir jou gegee het.

"P"ersonality - Jou persoonlikheid wat God vir jou gegee het, ekstrovert, introvert ens.

"E"xperiences - dit wat jy al in die lewe beleef het - selfs ook die slegte.

Indien jy graag jou eie "SHAPE" verder wil ontdek en ons wil deel maak van jou reis, kontak asb een van die leraars.
Dit sal vir ons 'n voorreg wees!



25 OKTOBER 2020

TORINGKERK

nuus

HOE WERK DIT?

- KOM 15MIN VOOR DIE TYD (8H45)
- ONTHOU JOU MASKER
- TEKEN IN BY DIE DEURE
- DAAR IS 3 DEURE OOP (VOORDEUR, DEUR AAN CHECKERS SE KANT EN DEUR AAN KANTOOR SE KANT)
- KRY VIR JOU KOFFIE EN KOM SÊ HALLO!

KOM HOU WEER
SAAM MET ONS KERK
IN DIE KERKGEBOU!

SONDAE OGGENDE | 9H00

GEEN BESPREKINGS IS NODIG NIE, DAAG NET OP! ONS SIEN UIT OM JOU TE SIEN!



WEEK 4 | MARIA EN JONA | VAN VREES NA LIEFDE

HOE WERK KERKDIENTE NOU?

Ons hoop om jou Sondag te sien. Ons pas nog streng reëls toe in terme van sosiale afstand, koorsmetings en maskers. Ons wil vir jou vra dat indien jy nie goed voel nie of siek is, bly eerder by die huis en word gou gesond. Jy hoef nie te bespreek vir Sondag nie. Gebruik asseblief die hoofdeur en tweeweste deure om in te gaan.

ONS NUWE REEKS

Ons is tans besig met die reeks "God wat roep". Ons kyk vir die volgende paar weke saam na verskillende karakters in die Bybel en dink saam oor hulle verhale en hoe dit vandag nog van toepassing is op my en jou omdat God nogsteeds besig is om elkeen te roep. Hierdie week is ons vierde week met hierdie reeks en ons gesels oor die roepingsverhale van Maria en Jona.

GESONDE GEDAGTES

GOEIE BEDOELING DEUR
IVOR SWARTZ



Ek dink deesdae baie aan my oorlede moeder. Sy was 'n yster in my lewe. Haar storie en hoe sy ons grootgemaak het, beslaan 'n groot deel van my boek, Die Verlore Seun Vannie Gaatjie. Sy het tot op haar sterfbed nét een wens en gebed gehad: dat ek en my jonger broer, Peter, die Jesus aan wie sy haar lewe toegewy het, moet ontmoet. Ek is vandag voltyds 'n jeugpastoor en Ma Lettie se gebede vir Peter word nou deur my voortgesit. As enkelouer sou sy nooit geld en besittings vir ons kon agterlaat nie, maar sy het gebid. Sy het God vertrou dat ons lewens eendag vir meer kan staan as wat sy ooit vir ons kon gee.

Ek is oortuig daarvan dat elke ouer nét die beste vir hulle kinders wil gee; dat ouers wil hê hulle kinders moet iets kan bydra om die wêreld 'n beter plek te maak. Ek glo elke ouer se bedoeling is om hul kinders 'n goeie lewe te gee; dat goedheid en guns hulle sal volg; dat hulle lang lewens sal hê.

Só was dit ook die geval met die moeder van Johannes en Jakobus - in Matteus 20:20 - toe sy eerbiedig voor Jesus kniel om Hom 'n guns te vra: dat haar twee seuns tog net op die ereplekke regs en links van Jesus in Sy koninkryk mag sit. Dit was waarskynlik haar doodonskuldige manier om 'n pensioenfonds vir die kinders te probeer agterlaat. Sy wou hê dat hulle as leiers in ereplekke gesien moes word. Ek wonder hoeveel ouers vra ook met die beste beste bedoelings dieselfde guns van God? Dat Hy hulle kinders groot, sterk, invloedryk sal maak en in hooggeplaaste posisies sal laat beland. Ongelukkig vergeet hulle dan ook meestal om tot God te bid dat hulle kinders Hom in al hul weë sal ken en dat hulle ook Sy bitter lydensbeker sal drink, wanneer Hy dit van hulle vra. Hy het dit ook van dié moeder in Matteus 20 gevra.

Jy sien, ons lewe in 'n wêreld waar alles 'n opwaartse kurwe moet toon: beleggings, geld in die bank, vriende, loopbaansukses, sosiale media-followers, selfs views op ons kerke se aanlyndienste. Alles moet lei tot meer, beter, groter, voller. Jesus daarenteen nooi Sy volgelingen op 'n afwaartse pad van selfloosheid, selfverloëning en diensbaarheid. Kom ons leer meer hiervan vir ons kinders – sodoende sal ons 'n generasie sien, wat 'n nasie kan help verander!

Ek dink sommer aan daardie bekende gedig van Antjie Krog, waarin sy eer betoon aan haar eie moeder - die gedig eindig met dié woorde:

ek is so jammer mamma
dat ek nie is
wat ek graag vir jou wil wees nie.

Ek hoop van harte dat my kinders veel eerder sal najaag wat hulle vir God kan wees en beteken; dat hulle Hom sal wil tevrede stel en nie slegs die goeie lewe soek, wat ek vir hulle wil gee nie, al beteken dit dat hulle 'n lydensbeker moet drink! Mag jou hart se gebed ook vir jou kinders wees dat hulle Jesus sal ken en in gehoorsaamheid agter Hom sal stap, ongeag die koste!

Hey, Belydenisgroep!

Ons mis dit om saam te gesels en te wonder oor dit wat ons glo en bely.

Ons begin weer met ons bymekaarkomste!

Dagboek die datum:

17 November



Hey, KruisConnectors!

So...ons mis julle (te veel).

Ons begin amper weer met KruisConnect, soos in die ou dae!

15 November | KC Kamer | Na kerk



TORINGKERK *verjaarsdae*

Suzanne Burger 25/10

Kyle Ferreira 25/10

Rizaan Maree 25/10

Stephan Steyn 25/10

Corné Burger 26/10

Willem Vermeulen 26/10

Joanne Bollmann 27/10

Johan Mostert 27/10

Hermaine van der Sluys 27/10

Ian van Zyl 27/10

27/10 Ria Weideman

28/10 Carlo Townsend

29/10 Johannes Beyers

30/10 Juandré Marais

30/10 André Mouton

30/10 Jahnne Steenkamp

30/10 Gert van Schalkwyk

30/10 Louis Werth

31/10 James Laker

31/10 Catharina Lourens

31/10 Robert Schultheiss

01/11 Elunda Basson

01/11 Zac Bester

01/11 Rigardo Diedericks

01/11 Juan Thiart

01/11 Marietjie van Blerk

01/11 Dewald Welsch



WELLINGTON MOEDERGEMEENTE + TORINGKERK

DAGBOEK DIE DATUM HAWEQUA STAPTOER

GRAAD 7 - 11

11 - 13 DESEMBER 2020

BEPERKTE PLEK - KONTAK VIR LOURENS OF
JANNEKE OM JOU PLEK TE BESPREEK!

#PAKLIG(TER) AS LAASKEER

GESKENK PAKKIES VIR DANNY SE JUNIORS

DIT IS WEER AMPER KERSFEESTYD!

ONS GEMEENTE HELP ELKE JAAR OM
VIR DANNY SE JUNIORS 200
VERRASSINGSPAKKIES OP TE MAAK.

DIE PAKKIES BESTAAN UIT:

- 1 PAKKIE KOEKIES
- SMARTIES/KIT KAT
- NIKNAKS
- 2 STOKKIELEKKERS
- LOSLEKKERS
- 1 KOEKIE SEEP

GAAN HAAL VANAF VOLGENDE
SONDAG 'N SAKKIE IN DIE KERK OM
VOL TE MAAK OF MAAK 'N FINANSIELE
BYDRAE MET VERWYSING: "DANNY SE
JUNIORS"

SLUITINGSDATUM: 25 NOV



KONTAK JANNEKE VIR
MEER INLIGTING



KOM HAAL JOU SPANDRAG!



INDIEN JY AAN DIE BEGIN VAN
DIE JAAR 'N TOP OF T-HEMP
BESTEL HET - GOEIE NUUS! JY
KAN DIT KOM HAAL!

ONTHOU OM VOORAF 'N
INBETALING BY DIE KERK TE
MAAK OF KONTANT TE BRING
WANNEER JY DIT KOM OPTEL.

TOPS: R250
T-HEMDE (Volwassenes): R130
T-HEMDE (Kinders): R100

KONTAK VIR JANNEKE VIR
ENIGE NAVRAE

EK HET REEDS BETAAL, SO WAAR TEL EK DIT OP?

BY DIE KERK (OP SONDAE) OF BY DIE KANTOOR
(MA-VRY, TUSSEN 9H EN 13H)

DAAR IS NOG OOR!

SPRING AS JY NOG WIL HÊ!



TOPS

XS, Small
en Medium



T-HEMDE

5-6, 7-8, 9-10,
L en XXL

Kontak vir Janneke indien jy belangstel

HET JY DALK DAMES KLERE OM TE SKENK?



KLERE: 40 EN 42
SOMERSKLERE OF WARM BAADJIE

BRING ASB DIE KLERE NA DIE KERKKANTOOR,
ENIGE DAG TUSSEN 9H-13H. OF KONTAK VIR JANNEKE



LEER LEEF MET JESUS

ELKE WOENSDAGAAND | 18H30 | ZOOM

BESTEL JOU BOEKIE BY DIE KANTOOR

INFO@TORINGKERK.CO.ZA

DIEP&VER

KOSVOORSIENING AAN 44 GESINNE

HOE KAN JY BETROKKE RAAK?

OPSIE 1

JY KAN KOS ITEMS AANKOOP EN DIT BY DIE KANTOOR KOM AFGEE.



'CANNED FISH'
'SOYA MINCE'
'PEAS/LENTILS'
'BAKED BEANS'
'MAIZE MEAL'
MEEL

MELK (LANG LEWE)
OLIE
'PEANUT BUTTER'
'CANNED MIXED
VEG'
'YEAST'
RYS



OPSIE 2

JY KAN 'N FINANSIELE BYDRAE MAAK.
BETAAL DIREK IN DIE KERK SE REKENING
IN MET DIE VERWYSING: "DIEP & VER"

OPSIE 3

JY KAN OP 'N MAANDELIKSE BASIS KOM
HELP KOSPAKKIES PAK. KONTAK VIR
JANNEKE.

OPSIE 4

JY KAN SAAM MET ONS BID VIR DIE
GESINNE WAT HIERDIE KOSPAKKIES
ONTVANG.



OLYFOLIE-PROJEK

Die Olyfolie projek is 'n innovasie projek waarvoor ons baie opgewonde is. Die olyfboomies word in informele nedersettings geplant en verkoop aan plaaslike inwoners wat eienaarskap neem vir die groei en beskerming van die bome. Die bome word ge-oes, olyfolie gemaak en word verkoop aan Toringkerk en Wellington Moedergemeente. Elke liter olyfolie dra by tot die ekonomie, skep werk & monetêre waarde vir die plaaslike inwoners van die informele nedersettings. Toringkerk baat by die projek omdat ons R15 vir elke liter kry wat verkoop word.

Die gedagte is om kreatiewe en innoverende sakemodelle te toets wat terugploeg in Suid Afrika, werk skep en plaaslike gemeentes ondersteun. Dink twee keer om hierdie geleentheid oor te slaan. So maak jy 'n verskil vir 'n kwaliteit produk. Hierdie projek is 'n vennootskap tussen Hugenote Kollege, Toringkerk, Wellington Moedergemeente en "Institute for Technology and Society".

Kontak vir Ryno vir meer inligting.



Hierdie beweging se visie is om Waarde gebaseerde gemeenskappe te vestig en korrupsie aan te spreek. Die eerste beweging was laas week op Wochester geloods met 85 sakemense wat eienaarskap vir die beweging neem. Die beweging beteken dat ek opstaan as agent van Integriteit binne my gemeenskap. Ons help om daardie netwerk op die been te kry. Die sleutel persoon is Prof Erwin Schwella.

Die #Integritas konferensie sal 1 - 3 Desember plaasvind in Wellington by Hugenote Kollege. Die sleutel toespraak sal geopen word deur Prof Thuli Madonsela. Hierdie beweging in samewerking met Hugenote Kollege, Communitas, Die Sentrum van Publieke Getuienis, Die Goeie Regerings-huis vir Afrika en die Suid Afrikaanse Raad van Kerke. Die drie dag konferensie is R1500 en vir elke sake persoon wat nog werk of afgetree is.

Die gedagte is om kreatiewe en innoverende sakemodelle te toets wat terugploeg in Suid Afrika, werk skep en plaaslike gemeentes ondersteun. Dink twee keer om hierdie geleentheid oor te slaan. So maak jy 'n verskil vir 'n kwaliteit produk. Hierdie projek is 'n vennootskap tussen Hugenote Kollege, Toringkerk, Wellington Moedergemeente en "Institute for Technology and Society". Kontak vir Ryno vir meer inligting.

HIDDEN TREASURES

Ons het so twee maande gelede 'n nuwe gemeenskap begin nadat ons 'n netwerk-model vir Communitas, Stellenbosch getoets het. Ons het toe gou 'n paar leiers in die Paarl ontdek wat BAIE lief is vir Jesus en vir jongmense.

Ons identifiseer studente van Hugenate Kollege wat optree as mentors. Hulle fasaliteer sessies met Gr 9 leerders wat dan later optree as mentors vir hulle maats. So impakteer en verbreed ons leierskap-kapasiteit. Ons visie is om potensiaal te ontlok sodat alle tieners geleenthede gegun word om iets FANTASTIES met hulle lewens te doen. Ons kom elke Woensdag in die kerksaal bymekaar tussen 15:00 - 17:00. "Everything rises and falls with leadership" J. Maxwell.
Kontak vir Ryno vir meer inligting.



HARDLOOP EN HELP KINCULTURE

5km en R5 kan 'n groot verskil maak!

- Hardloop, stap, spring of kruip 5km.
- Skenk enige hoeveelheid by:
<https://www.givengain.com/cc/5k4kin/>
- Deel 'n foto op sosiale media met die hashtag #5K4KIN
- Nomineer 5 vriende om ook 5km te hardloop

Volg ons by @kin.culture op Instagram of kinculture op Facebook.

HARDLOOP EN HELP KINCULTURE



Ons span het die 5km gedraf in die mooie Paarlberg. Ons daag jou uit om ook jou tekkies aan te trek en die mooie natuur te geniet terwyl jy hierdie 5km stap of draf vir KinCulture! Onthou om ook 'n finansiële skenking te maak as jy klaar gedraf het!

**BOLAND SKOOL VIR
OUTISME**

 **TUISGEBAKTE KOEKIES
& BESKUIT** 

Heerlike gemengde koekies te koop in 'n 2L emmer
(600g) teen R90 en
Semel- of karringmelkbekuit (500g) teen R60

Die kleinkoekies is 'n mengsel van vla-, choc chip-,
germer- en soetkoekies

DANKIE VIR U ONDERSTEUNING!

BESTELLINGS TOT 23 OKTOBER 2020 BY:
021 870 1430 OF E-POS NA
RECEPTION.BOLANDAUTISM@GMAIL.COM

Alle bestellings sal beskikbaar wees op 26 & 27 November 2020
vanaf 08:00 tot 12:00 by Commercialstraat 4-6 (agter ABSA)

HERVORMING IS 'N BLYWENDE OPDRAG - Willie Jonker

Dit is in die Protestantse wêreld gebruiklik om op die Sondag wat die naaste aan die 31ste Oktober is, die Reformasie van die 16de eeu te herdenk. Die karakter van hierdie herdenking neem lankal nie meer die vorm aan van 'n negatiewe bestryding van die "Roomse gevaar" deur die uitspel van al die misstande wat in die 16de eeu in die Katolieke Kerk voorgekom het nie. Groot veranderinge het in die selfverstaan van die Katolieke Kerk en sy verhouding tot die boodskap van die Reformasie ingetree, selfs al kan daar nog nie van 'n volledige konsensus sprake wees nie.

Maar ook die Protestantisme kan nie op 'n onhistoriese wyse oor die Reformasie praat, asof hy self nog altyd net gelyk het en getrou gebly het aan die destydse hervorming nie. Daar het soveel gebeur waardeur die Protestantisme self die erfenis van die Reformasie verloor het, dat enige vorm van triomfalisme aan sy kant volledig misplaas sal wees.

Die groot slagkrete van die Reformasie: die Skrif alleen, deur die genade alleen, deur die geloof alleen, deur Christus alleen – is in die loop van die eeue binne eie geledere deur die voortsnydende sekularisasie en die opdringende mag van die humanisme in groot mate subtiel of openlik van betekenis beroof. Daarby kom nog dat, toe die reformatoriese kerke gevestigde volks- en selfs staatskerke geword het, hulle baie van die oorspronklike geestelike krag verloor en hulle kritiese hantering van die Woord ingeboet het. In baie gevalle het hulle weinig meer gedoen as om maar net alles wat in die volksiel gebeur, op 'n stigtelike manier te begelei en te bevestig.

Hierdie meningstuk is in Die Burger op 27 Oktober 1990 gepubliseer.

Hulle profetiese stem het stil geword. Groepe buite hulle kring neem nou dikwels daarin die inisiatief. Daarom moet Hervormingsfees vir die Protestantisme vandag 'n dag van verootmoediging wees, 'n dag van selfondersoek en terugkeer na die basis waarop dit gebou is. In plaas daarvan om selfversekerd te roem in wat eens in die verlede gebeur het, moet liever gedink word aan 'n ander slagspreuk wat ook deel van die reformatoriese erfenis is: *Ecclesia reformata semper reformanda*: 'n gereformeerde kerk moet altyd weer gereformeer, vernuwe word. Hervorming is 'n blywende opdrag.

Die belofte dat die Heilige Gees die kerk in alle waarheid sal lei, beteken nie dat die kerk outomaties daaraan gehoorsaam sal wees nie. Die kerk moet altyd weer van dwaling en verworping teruggegroep word na die waarheid.

Maar dit beteken tog ook dat die kerk nooit heeltemal aan dwaling prysgegee sal word nie, maar telkens weer deur die Gees vernuwe sal word om na die Woord van God terug te keer. Daarvoor moet alle Christene bid en werk.



18 OKTOBER 2020

TORINGKERK

nuus



TORINGKERK ZAPPER



BID | SIEN | DEEL

OFFERGAWES, MAANDELIKSE BYDRAE EN TIENDES:



OFFERGAWES, MAANDELIKSE
BYDRAE EN TIENDES:

TORINGKERK
ABSA
TAKKODE: 632 005
REK NR: 400 590 176



MAAK KONTAK MET ONS

AS JY MET 'N LERAAR WIL GESELS, KONTAK ONS GERUS.

LERAARS

Jana van den Munckhof | 083 948 4233 | jana@toringkerk.co.za

Ryno Els | 083 610 1641 |
ryno@toringkerk.co.za

JEUG/MAATSKAPLIK

Janneke Marais | 082 831 6165 | janneke@toringkerk.co.za

KANTOOR

Annelie Koegelenberg | 021 872 6730 | info@toringkerk.co.za

ORRELIS

Mario Nell | 082 852 4536 |
marionell2@gmail.com

KOSTER

Neels Visser | 082 740 7353 | neels@toringkerk.co.za

TENTMAKER

Dawfre Theron | 082 899 3959 |
dawfre@fhbc.co.za